



namBiC
NAMIBIAN BUSINESS AND INVESTMENT CLIMATE SURVEY

2013

Opsomming

Namibië het 'n ambisieuse teiken gestel in die Vierde Nasionale Ontwikkelingsplan wat in Julie 2012 bekend gestel is – die land beoog om teen 2017 die mededingendste ekonomie in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap te word. Die Wêreld Ekonomiese Forum se jongste Wêreldwye Mededingendheidsverslag plaas Namibië vyfde op die ranglys in die SOAG-streek. Ten einde die NOP4-doelwit te bereik, is noue samewerking en konsultasie tussen die openbare en privaat sektor nodig om die bekommernisse van die sakektor te hanteer. Die Namibiese sake- en beleggingsklimaatopname (namBiC) verskaf 'n waardevolle instrument vir die identifisering van die houding van die privaat sektor ten opsigte van die sakeomgewing en die bepaling van die vernaamste uitdagings wat die sektor in die gesig staar. NamBiC 2013 is die vierde agtereenvolgende jaarlikse opname.

Algemene ekonomiese toestande

- **Gradering van sakeklimaat vir 2013 het beduidend verbeter.** In teenstelling met wêreldwye ekonomiese vooruitsigte het Namibiese sakelui die ekonomiese toestande in 2012 as gunstiger as dié vir 2011 beskou, en is selfs optimisties oor die vooruitsigte vir 2013. Op 'n skaal van -2 (baie swak) tot +2 (baie goed) het die waargenome sakeklimaat vir 2013 'n gradering van +1.17 ontvang, wat die graderings van vorige jare oorskry.
- Die gunstige gradering van saketoestande word nie in belangrike beleggingsbesluite omgeskakel nie. Nie net het minder maatskappye in 2012 belê nie, maar hulle **beoog ook om in 2013 minder as die gemiddelde te belê**: belegging in die uitbreiding van die onderneming kry -0.55, en belegging in die vervanging van toerusting -0.52, wat beteken dat sakelui beoog om onder die gemiddelde te belê.
- Die **vooruitsigte vir die arbeidsmark bly positief**, hoewel dit nie so positief is as in die voorafgaande jare nie. 38 persent van die respondente beoog om in 2013 meer werkers aan te stel, wat laer is as die 46 persent en 51 persent in die vorige twee jaar, terwyl slegs 1.5 persent afleggings beplan.

Hindernisse vir sakegroei

'n Verskuiwing het in die gradering van die relevante hindernisse vir ondernemings plaasgevind.

- **Toegang tot die koste van finansiering, toegang tot grond en die koste van nutsdienste** is gesamentlik as die **drie grootste uitdagings** vir sakevroue en -manne in die land geïdentifiseer. is
- Die **vraag na produkte en dienste** volg in die vierde plek, maar lyk asof dit veral vir firmas wat in die hotel- en restaurantsektor werk 'n uitdaging is, aangesien dit tweede geplaas word, na toegang tot en koste van finansiering.
- **Misdaad en diefstal** word oorkoepelend as die vyfde grootste bekommernis geplaas, maar raak mikro-ondernemings en die formele sektor meer as ander ondernemings.

Finansies

- Die **toegang tot krediet** word as **moeilik** (-1.07) beskou, en moeiliker as in die vorige opname (-0.57). Dit raak die informele sektor die ergste, soos die gradering van -1.57 (baie moeilik) toon as dit met 'n gradering van -0.91 (moeilik) deur die formelesektor-respondente vergelyk word.
- Die **koste van krediet** was vir sakelui 'n selfs groter kwessie. Die gradering het van -1.19 (namBiC2012) tot -1.34 verswak. Informelesektor-respondente het die koste dieselfde as toegang tot krediet gegradeer, naamlik -1.58, vergeleke met 'n gradering van -1.27 deur die formele sektor. Mikro-ondernemings het die koste as 'n groter las (-1.47) beskou as groot maatskappye (-1.10), maar almal beskou die **koste as hoog**.
- Die **verskaffing van aanvullende sekuriteit is as minder uitdagend** as in vorige jare beskou. Hoewel die gradering negatief gebly het (-0.27), het dit effens verbeter sedert die vorige opname (-0.62) en die een van twee jaar gelede (-0.55).

Grensprosedures

- Die **gradering van grensprosedures aan die Namibiese kant** het dramaties verander vanaf +0.70 in 2012 tot -0.69 in hierdie jaar se opname.
- Die **gradering van -0.75 van die formele sektor** impliseer veral dat hulle die prosedures as 'n hindernis vir handel beskou.
- Die gradering van die **prosedures aan die buitelandse kant** van die grens het 'n **effens beter gradering** van -0.50 ontvang.
- Dit lyk asof prosedures aan die buitelandse kant van die grens groter ondernemings meer negatief raak as kleiner ondernemings.
- Hoewel Namibië die **gradering ten opsigte van oorgrenshandel** in die Wêreldbank se *Doing Business Report 2013* **verbeter** het deur twee plekke op te skuif na 140ste uit 185 lande vergeleke met 2012, en met dertien plekke vergeleke met 2011, lê die land in die onderste kwart van lande.

Misdad en korrupsie

- **Korrupsie** het 'n baie positiewe gradering ontvang (+1.27), wat daarop dui dat dit nie deur sakelui as 'n probleem beskou word nie. Die gradering het egter gedaal vergeleke met die vorige jaar (+1.64).
- Die **voorkoms van misdad** is ook hierdie keer deur alle respondente as meer kritiek gegradeer en het na die negatiewe kant verskuif (-0.12 vergeleke met +0.13 'n jaar vantevore).
- Die informele sektor is in besonder meer bekommerd oor misdad as die formele sektor (gradering van -0.67 en +0.02).
- Persepsies oor die **afdwinging van kontrakte en eiendomsreg** het van +0.18 in die namBiC 2012 tot -0.02 verswak. Albei graderings is naby nul, wat impliseer dat dit nóg moeilik, nóg maklik is om kontrakte af te dwing.

Betaal van belasting

- Ongeag gereelde klagtes deur maatskappye oor lang prosedures om inset-BTW te verhaal, het die **hantering van belastingopgawes** deur die Ontvanger van Inkomste (RoR) die gunstigste gradering ontvang van die drie vrae wat op Namibië se belastingstelsel betrekking het (gradering van -0.1).
- Die **gemak van belastingbetaling** het 'n meer negatiewe gradering van -0.18 ontvang. Die negatiewe sentimente is gelei deur groot (-0.33) en klein ondernemings (-0.26), terwyl slegs medium maatskappye 'n effens positiewe terugvoer (+0.06) gegee het.
- **Sakelui beskou belastingkoerse as te hoog**, soos die gradering van -1.31 op die skaal van -2 (baie hoog) tot +2 (baie laag) duidelik aandui. Medium en groot ondernemings het die grootste kritiek oor belastingkoerse uitgespreek (-1.46 en -1.40 onderskeidelik), maar klein (-1.23) en mikro-ondernemings (-1.29) was nie ver agter nie.

Gesondheid en Onderwys

Persepsies oor die gehalte van gesondheids- en onderwysdienste in die land het oor die afgelope jaar aansienlik **verbeter**.

- Gesondheidsdienste is op 'n skaal van -2 (baie swak) tot +2 (baie goed) op +0.51 gegradeer, vergeleke met +0.07 'n jaar vantevore.
- Die gradering van onderwysdienste het ook verbeter, hoewel in 'n mindere mate, van +0.11 tot +0.39.
- Daar is twee streke wat uitstaan aan teenoorgestelde punte van die skaal. Respondente uit die Oshana-streek het 'n lae gradering vir die stand van gesondheid (+0.06) en onderwys (-0.04) in hulle streek verskaf, terwyl sakelui in die Kavango-streek die positiefste oor die gehalte van dienslewering was (+0.92 en +1.14 onderskeidelik).

Agtergrondinligting

Die steekproef was daarop gemik om 'n redelike balans onder ondernemings van verskillende groottes, uit verskillende sektore en streke, asook formele en informele ondernemings te verkry. **200** onderhoude is **van aangesig tot aangesig** gevoer met informele ondernemings op vier plekke: Oshakati, Rundu, Walvisbaai en Windhoek. **463** sakelui uit 'n steekproef van 800 van regoor die land het op die **telefoniese onderhoude** gereageer. Dit is 'n wesenlike verbetering op die vorige opnames, wat 446, 377 en 405 response vir die namBiC 2012, 2011 en 2010 onderskeidelik opgelewer het.

Die volledige weergawe van hierdie verslag, tesame met aanbevelings, is by die NMA-, NCCI- en IPPR-kantore in Windhoek beskikbaar en kan by www.nmanamibia.com of www.ncci.org.na of www.ippr.org.na afgelaai word. Indien u graag u logo op hierdie publikasie wil sien en 'n Goud- of Silwer-borg van namBiC 2013 wil word, kontak asseblief vir Charity Mwiya by NCCI: charity@ncci.org.na.